Sing vooraf: Psalm 144:1 (p. 691)

1 Geloofd sy God wat my in wank'le tyd / 'n rotssteen is, my aangord tot die stryd;
wat tot die kryg my hande toeberei, / so goed is en 'n vestingwerk vir my;
wat my die skans tot redding wil verstrek, / by wie ek skuil, daar my sy skild oordek;
wat in die stryd my altyd trou bewaak / en nou my volk aan my gehoorsaam maak.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 103:9 (p. 506)

9 Maar Gods genade◠en goedheid is onendig / oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;
dit reik tot aan die verste nageslag / wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,
of van sy wet hul hart afkerig wend nie, / maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 119:34 (p. 593)

34 Aarde, hemel, alle dinge – / niks wat ooit u ord'ning breek;
want hul almal is u knegte, / stip-gehoorsaam as U spreek.
Was u wet nie al my lus nie, / dan het ek in smart versmag;
maar nou dit my krag gewek het, / dink ek daaraan dag en nag.

Skriflesing: Galasiërs 4

Teks: Galasiërs 4:30

Maar wat sê die Skrif? Werp die slavin en haar seun uit, want nooit mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye erwe nie. (Galasiërs 4:30 AFR1953)

Die bewyse dat uiterlike godsdiens verkeerd is

In ons tyd begin allerhande gewoontes wat vreemd was aan die kerk, maar eie aan die heidendom, meteens weer in gebruik raak.

- Dis dinge soos byvoorbeeld die aansteek en die brand van kerse tydens belydenisaflegging.
- Allerhande uitwendige seremonies wat – vir die wat die dinge doen – byna net soveel krag as die openbaring van die Here het.

Terwyl godsdiens in ons tyd so geweldig veruiterlik – hoe weet ons dat dit verkeerd is?

Die apostel Paulus haal uit die Bybel bewyse aan dat die uiterlike dinge in godsdiensbeoefening nie ons saligheid bepaal nie. Hy verwys na Genesis 16 en 21.

Daar het die Here in die geskiedenis prakties die verskil tussen die twee groepe mense aangetoon.

- Abraham het twee seuns gehad.
- Die oudste een se naam was Ismael en die jongste een was Isak.
- Maar al het hulle een pa gehad, was daar 'n baie groot verskil tussen die twee seuns. Hulle het skerp teenstellend teenoor mekaar gestaan.
    - Ismael staan vir die lyn wat van Kain af al deur die mense loop – dis die lyn van ongeloof en van die antichris.
    - Isak staan vir die lyn van die verbond – die gelowiges of die uitverkorenes.

Hierdie twee lyne is ook altyd in konflik met mekaar.

- Hierdie konflik kom dadelik by Ismael en Isak voor: Isak word deur Ismael vervolg.
    - Genesis 21:9 beskryf hoe Sara sien dat Ismael met Isak spot.
    - Toe het sy na Abraham toe gegaan en inhoudelik presies dit gesê wat in ons teksvers staan (dis ook die teks vir Paulus se preek!):

      Jaag hierdie slavin en haar seun weg, want die seun van hierdie slavin mag nie saam met my seun Isak erwe nie. (Genesis 21:10 AFR1953)

Ismael was werklik Abraham se oudste kind.

- Hy het seker ook gehoop dat hy aanspraak sou hê op die seën van die eersgeboortereg, want dit was die tradisie van sy tyd!
- Sy gespot sou dus ook hieroor gegaan het, daarom het Sara daarop aangedring dat hy niks erf nie.

Voordat Paulus die geskiedenis verder behandel, vra hy vir die lesers van sy brief of hulle wat onder die wet wil wees, dan nie na die wet wil luister nie.

- Hulle het in daardie tyd die eerste vyf boeke van die Bybel die wet genoem, en dis waarna Paulus hier verwys. (Soms word met die wet net die Tien Gebooie bedoel, en eenkeer – Johannes 10:34, 35 – word daarmee die hele Ou Testament bedoel).
- Paulus beklemtoon ook die goddelike gesag van die Bybel met die woorde: *Want daar is geskrywe . . .*
    - Dit wat die Here laat neerskryf het, kan nie deur mense bevraagteken word nie.

Die Here het dit laat neerskryf dat Abraham twee seuns gehad het: Die een is uit die slavin gebore. Die ander een is uit die vrye gebore.

- Baie duidelik word die verbond en die uitverkiesing gestel teenoor die verwerping – tussen geloof en ongeloof.
- Dit gaan oor dié saak: oor wat die Here met mense doen.

Daarom staan hier nie dat die een seun uit Hagar gebore is en die ander seun uit Sara nie.

- Dit gaan nie oor die moeders nie.
- Dit gaan oor die posisie wat die twee seuns voor God gehad het.
- Vers 24 sê dan ook reguit dat dit sinnebeelde is, omdat dit gaan oor twee verbonde.

Elkeen van die twee vrouens stel 'n bepaalde staat of toestand voor die Here voor. Dit tipeer ook die karakter van hulle kinders.

- Die een is 'n slaaf: dus in sonde.
    - Hy is verslaafd aan ongeregtigheid.
- Die ander een is regverdig gemaak deur die verbond, en daarom is hy vry.
    - Hy is deur die Here Jesus vrygemaak van die uiterlike dinge.

Die Here Jesus Christus het vir hierdie kind wat uit die vrye gebore is die wet volbring.

- Dit word al gepreek deur sy offerande op Moria, toe die Here Abraham verbied het om Isak dood te maak, en daar ’n ram in sy plek geoffer is.
- Hier word sy vryheid baie helder geteken.
    - Hy is vry van die dood.
    - Inderdaad vrygemaak van die sonde, omdat daar ’n plaasvervangende offer in sy plek was.

Die dinge het vir ons ook betekenis, want in die Nuwe Testament sê die Here Jesus Christus dat almal nie Israel is wat uit Israel is nie.

- Ons weet dat Hy daarmee bedoel het dat die Israeliete nie moet dink dat hulle almal na die koninkryk van God toe gaan net omdat hulle van Abraham afstam nie.
- Ons weet ook dat die Here Jesus daarmee aan die Nuwe-Testamentiese kerk gesê het dat hulle nie moet dink dat ’n mens die saligheid ingaan net omdat jy aan ’n kerk behoort nie.
- Dit hang af hoé jy aan daardie kerk behoort.

Abraham het twee seuns gehad wat uit hom gebore was. Maar hulle is nie eenders deur die Here behandel nie, want hulle het nie eenders gereageer op hulle kindskap nie.

- Ismael was ’n slaaf, en hy was ook verslaaf aan uiterlike diensbaarheid.
- Isak was vry in Christus.

Vers 23 vertel nou dat die verskil al by die oorsprong van hierdie twee seuns gekom het. Dis ook waar. Lees maar self Genesis 16.

- Ismael word gebore uit vleeslike oorwegings.
    - Sara het na Abraham toe gekom en gevra dat hy ’n kind by haar slavin sal verwek.
    - Abraham het toe ’n kind by die Egiptiese slavin verwek.
    - Dit was toe Hagar sien dat sy verwag, dat sy begin het om Sara te verag.

Die Tien Gebooie leer mos dat die Here die wat Hom haat, straf tot in die derde en in die vierde geslag.

- Daarom kan mens kwalik verwag dat daar met die seun van hierdie Egiptiese slavin iets goeds gaan gebeur.
- Sy lewe het toe ook bewys dat hy in die sonde waarin hy verwek is, voortgelewe het.

Die tweede seun word nie soos die eerste seun beplan nie.

- Die Here belowe hom. Sara was nou 93 jaar oud, en Abraham was 100 jaar.
- U sou waarskynlik ook soos Sara gelag het as ’n vreemde man op daardie ouderdom aan u sou vertel dat u ’n kindjie sou hê.

Maar juis dit het dit onderstreep dat hierdie kind se geboorte God alleen se werk was. Die Bybel onderstreep dit ook op verskillende plekke, byvoorbeeld in Romeine 4:19;
Genesis 18:13.

Let dus op die betekenis: Daar is in hierdie kind se koms geen menslike beslissing teenwoordig nie.

- God besluit dat Isak gebore moes word, en Hy bring hom in die wêreld in.
- Daarom is Isak uit die vrye. Vry in die genade van God soos sy geboorte ook was.

Hierdie twee seuns teken die mense van die kerk.

- Ons is almal in die verbond gebore, en ons sê ook almal dat ons glo.
- Maar onder ons is daar ook diesulkes wat hulle op ’n baie fyn en dikwels slinkse manier teen die vryheid in Christus stel – soos Ismael.

Met sy gespot en sy eiegeregtigheid het hy minagtend die vrygeborene sy plek ontsê.

- Daarmee het hy heeltemal buite sy eie grense beweeg.
- Dit kon dus nie anders nie – hy moes gestraf word.

U sal dieselfde ding ook onder die gelowiges sien as u goed oplet:

- Daar is die wat die Here op so 'n manier aanbid dat hulle die Here 'n slaaf maak wat hulle eie belangrikheid opblaas.
    - Hulle word meer en God minder.
- Ander lidmate dien die Here weer op so 'n manier dat hulle altyd minder word en die Here meer. Vry van eie belangrikheid.

Vers 24 stel dit so dat Ismael is soos Sinai.

- Hier het hulle die wet ontvang.
- Die Tien Gebooie het werklik van die volk slawe gemaak:
    - Jy mag nie doodslaan nie!
    - Jy mag nie egbreek nie!
    - Jy mag nie steel nie!
    - Eer jou vader en jou moeder!

In hierdie verbond is daar die slaafse onderworpenheid om deur jou eie gehoorsaamheid jou saligheid te bewerk.

Vers 26 stel die kontras teenoor vers 24:

- Jerusalem is daarbo!
    - Jerusalem is vry!
    - Nie verkneg nie!
    - Vry in Jesus Christus!

Net die wat deur God se Gees besiel is, is vry!

- Hulle verwag om die genade van God te ontvang.
- Hulle is vry omdat hulle verwag dat die Here Hom in Christus oor hulle gaan ontferm.

Die ander staan onder hulleself.

- Hulle eie krag en hulle eie geregtigheid skryf voor hoe hulle wil leef.
- Hulle is slawe van die wêreld en hulleself en gaan verlore.

Vers 28 betrek ons direk: Al is ons nie Jode nie, ons het kinders van die belofte geword.

- Om hierdie volle gemeenskap wat ons met God het, voelbaar te maak, word ons hier in die Bybel aangespreek as **broeders** – vanselfsprekend is die susters ook hierby ingesluit.
- Wat die Here hier openbaar, is dat ons deel kry aan Christus, soos wat Isak deur die uitsluitlike werking van God gebore is.

Nou staan ons met die geweldige verantwoordelikheid dat ons vry moet wees soos Isak: Vry in Jesus Christus. Sterk in die Here, en oorwinnaars gemaak oor die kwaad deur Jesus Christus.

Almal onder ons wat dink dat hulle met hulle eie belangrikheid, of met goeie werke of selfverdienste sal salig word, moet weet dat hulle deur die Here verwerp gaan word.

- Sulke mense word in hierdie Bybelgedeelte "kinders van die slavin" genoem.
- Hulle staan buite die genadeverbond, want hulle staan in hulle eie krag.

Jesus Christus was nie deur die wil of beslissing van 'n mens beplan nie. Hy kom in ons wêreld in soos Isak – suiwer deur die wil van God.

- Hierin is Hy dan ook die Vervulling van die beloftes wat profeties in die persoon van Isak vervat was.
- Hy is God wat tot eer en verheerliking van God self na die aarde toe kom, en uit eie vrye wil verlossingswerk kom doen vir almal wat deur Hom en sy uitverkiesing vrygemaak is van die dood.

Jesus Christus het Hom nooit aan die wet verslaaf nie. Daarom was Hy en die Fariseërs in botsing met mekaar.

- Jesus se lewe was heeltemal gerig op die eer van God, terwyl dit by die Fariseërs oor hulleself gegaan het.
- Daarom kon Hy vir die Fariseërs sê dat dit nie die buitekant van die godsdiens is wat saakmaak nie, maar wel die binnekant.

Om sy preke te bevestig, gaan sterf Jesus aan die kruis.

- Hy sterf nie daar vir sy eie eer nie, maar Hy sterf vir die eer van God, omdat sy dood die genade van God oor ons waar maak. Daarvoor verdien die Here om geëer te word.
- Hy sterf ook vir die eer van die uitverkorenes, want ons staan eerloos in ons sondes voor God, maar Hy beklee ons met eer omdat Hy die straf vir ons sondes gedra het.
- Hy herstel ons eer omdat Hy ons met God versoen.

Die Here het nie een keer aan die kruis of in sy lewe sy eie begeertes voorop gestel nie.
Hy het ook nie iets opgeëis nie.

Kyk nou na die vryheid waarmee God werk in hierdie verlossingsdaad.

- Hy beloof 'n Verlosser uit vrye wil, want niemand kan God voorskryf om 'n Verlosser te voorsien nie.
- Die Here kom voer self die verlossingsdaad uit.
    - Uit die vrye wil van God word Jesus gebore.
    - Uit vrye wil gaan Hy kruis toe – niemand dwing Hom nie.
    - Uit eie keuse staan Hy op uit die dood.
    - Uit vrye keuse beskik Hy die Heilige Gees se uitstorting oor die kerk.

God se mag is vry om te verlos wie Hy wil, en om oor die mag van die hel heen te gaan sonder dat iets of iemand Hom kan keer.

Kom ons toets onsself aan Ismael se optrede en geaardheid.

- Is ons vry in die Here om onsself te kan wees? Of is ons verslaaf aan sondige dinge soos hoogmoed?
- Besluit ons status oor ons gedrag, of ons gehoorsaamheid aan die Here?
- Besluit ons selfsug hoeveel liefde ons vir ander oor het, of het ons die vermoë om onbeperk liefde te gee vir almal omdat die Here ons vrygemaak het van die beperkinge van hierdie lewe?
- Dien ons die Here regtig, of is ons verslaaf aan ons eie snobisme wat oraloor beperkinge op ons lê?

As dit so is, dan is jy nie vrygemaak deur die genade van die Here Jesus Christus nie.

- Dan sit jy nog altyd vasgevang in jouself en tussen die smal grense van hierdie wêreld soos Ismael!
- Dan probeer jy self God speel om te bepaal waar die grense van jou verlossing lê.
- Jy bepaal dan asof jy namens God kan oordeel wie in die hemel sal wees en wie nie.

Sulke mense erf nie saam met die vrye nie, omdat hulle van die raadsplan van God die slaaf van die mens maak.

- Hulle probeer om God te bind met dinge wat vir hulle in hierdie lewe belangrik is.
- Onthou dat God almagtig is. Hy is heeltemal vry in al sy beslissings.
- In hierdie beslissingsreg van Hom het Hy ook 'n maatstaf aangelê waarmee jy jouself kan meet!
- Jy kan meet of jy verslaaf is aan hierdie lewe, en of jy vry is in Jesus om oor hierdie lewe heen te loop in die ewigheid in.

Amen

Slotgebed

Slotpsalm 121:1 (p. 608)

1 Ek hef my oë bergwaarts heen / en staar die ure òm,
tot my verlossing kom. / My hulp is van die HEER alleen.
Hy, oor my lot bewoë, / is eind'loos in vermoë.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
GereformeerdeKerk Bellville
Datum: 22 Junie 2008 (aand)